

29 April

Skrifgedeelte: Openbaring 7:9-17

Fokusgedeelte: Openbaring 7:12

Kerk, skepping en engele dank en loof God

Nadat daar in die vorige hoofstuk gewys is op die oordele van God oor die goddeloses, word die volhardende gelowiges in hoofstuk 7 bemoedig. Die 144 000 is 'n simboliese getal wat al die gelowiges aandui wat deur al die eeue aan God getrou gebly het. Hulle word verseël om aan te dui dat hulle God se eiendom is, dat Hy hulle ken en liefhet en vir hulle omgee. In vers 9 word van hulle gepraat as die groot menigte wat niemand kon tel nie. Hulle loof en prys God omdat Hy deur Christus vir hulle die ewige verlossing en heerlikheid bewerk het.

Dan verenig die triomferende kerk (die 24 ouerlinge), die hele skepping (die vier lewende wesens) en al die engele hulle in eerbiedige aanbidding van God. En dit wat hulle volgens vers 12 in hulle aanbidding aan God sê, is aangrypend. Dit begin met 'n *amen* en dit sluit af met 'n *amen* om die sekerheid, waarheid en grootsheid van wat hulle aan God sê, te beklemtoon.

Tussen die twee amens word die grootheid van God aangedui met sewe woorde: die *lof*, die *heerlikheid*, die *wysheid*, die *dank*, die *eer*, die *mag* en die *sterkte*. Dit alles behoort reeds aan God. Maar daarom moet God daarvoor geprys word. Dit word immers duidelik gestel dat die God "ons God" is, ons Verbondsgod wat ons tot sy kinders aangeneem het en laat deel in die heerlike verlossing deur Christus.

As daar soveel lof en dank deur die engele, die kerk en die skepping op die nuwe aarde aan God betoon word, behoort die lof en dank aan God nou al by ons individueel en gesamentlik gevind te word, want ons deel reeds in die verlossing deur Christus en die heerlike werking van die Heilige Gees.

Sing: Psalm 150:1, 2 (1936)

Prof PJ de Bruyn (Emeritus)